HOËR MEISIESKOOL LA ROCHELLE GIRLS' HIGH SCHOOL PAARL

2017

NR 111

Beste Ouers, La Rochelle-leerders en Vriende

Vir ons in die Wes-Kaap het die jaar met groot uitdagings begin met die verwoestende brande en ongekende droogte wat net nie gebreek word nie. Ons harte gaan uit na almal wat direk geraak word. Verder leer ons dure lesse oor hoe om een van die natuur se kosbare produkte, WATER, te spaar en omsigtig te gebruik. Hoe jy water kan bespaar het skielik 'n openingsgesprek geword.

Binne die grense van die Hoër Meisieskool La Rochelle het ons ook ander uitdagings beleef, maar staan steeds in dankbaarheid terug en beskou 'n jaar wat ook die mooi in ons uitgebring het. By die lees van die *Avanti*, ons kwartaallikse skoolkoerant, verstom ek my aan die wyse waarop die Larries die wêreld rondom hul waarneem en daarop reageer. Die onderwerpe wat hul debateer, die opstelle wat hul skryf en die sosiale kommentaar by vanjaar se Eenbedryf-fees, is vir my 'n teken dat ons 'n omgewing geskep het waar hul met vrymoedigheid hul eie stem vind. Hulle maak ons opgewonde vir die toekoms!

Geniet hierdie uitgawe, saamgestel deur mev Karin Leibbrandt, waar ons nie net spog met ons skool nie, maar ook wys hoe ons kan pret hê. Daarvan getuig die eerste Wyntrap-Interskolekompetisie wat by Windmeul Kelder gehou is en deur ons en Boland Landbouskool gewen is!

Verlustig u in die toekennings van die Akademiese- en Sport en Kultuur-Prysuitdelings. Bewonder die skryf- en kunswerke van ons leerders, sowel as die verslae wat hulle geskryf het.

Die verskillende reüniegroepe wat vanjaar byeengekom het, is 'n bevestiging dat die Larrie-ketting steeds sterk en gesond is. Die emosionele reaksie om klasmaats na jare weer te sien, sowel as hul waardering vir die skoolgeboue en terrein, is kosbaar. Spesiale oomblikke vanjaar was die teenwoordigheid van twee oumas van huidige leerders: Mev Martie Briers-Louw, matriek 1947, se kleindogter, Martie, is in Graad 9. Mev Alice Blackburn, matriek 1947, se kleindogter, Emily, is vanjaar, 70 jaar later, ons hoofdogter! Mev Johanna Louw, matriek 1940, het vir ons gewys hoe jeugdig sy is deur op 95-jarige ouderdom vroeër vanjaar 'n kameel in Swakopmund te ry!

STAFF

The year commenced with no changes to the academic staff. However, at the end of the first semester we had to take leave of Mr Felix Spies (General and Life Sciences). He decided to leave the formal education sector in order to start his own business. We are grateful for all the time he spent on structuring the conditioning programme, as well as coaching the 4M Cheerleaders for two years. We will most certainly miss his contribution to La Rochelle and wish him everything of the best for all his new endeavours.

Mrs Thana Hancock leaves after having spent eight years at La Rochelle. She has made her mark in the subjects she taught, namely Technology, English First Additional Language and Life Orientation. She also made a major contribution with the singing, Cheerleaders, banner and pavilion formations at the 4M. Furthermore she structured the various cultural societies and has a knack to bring out the best in learners. She and her husband, Bruce, are the facilitators of the Junior Town Council and we are convinced she will continue to support the interests of the youth of Paarl.

Mrs Tracy was on sick-leave for most of the year. Mrs Petro Geldenhuys stood in for her in her Grade 8, 10 and 11 classes, while Mr Joerg Neethling taught her Grade 12s. We owe him much gratitude for undertaking the extra task. We are also very thankful that Mrs Meyer, after completion of all the treatment, could resume her duties on 1 September.

Mrs Lizanne Ferreira and her husband, Wikus, are the proud parents of a baby daughter, Annabelle. Mrs Ferreira is on maternity leave till the end of the year and we are privileged to have had Mrs Sanet Taljaard in her place. Mrs Marieta Laubscher's daughter and past pupil of La Rochelle, Dr Chrismè Visagie, gave birth to a son, Ilias, while Mrs Marianna Schoeman became a grandmother for the second time with the birth of her grandson, Pierre. Mr and Mrs Neethling are the proud grandparents of their third granddaughter, Denielle. We share in the joy of our colleagues.

We are proud of Mrs Marianna Schoeman, who was the Team Manager of the respective Athletics teams of the Boland, Western Cape and South African Championships. She was also a Netball selector at the Cape Winelands and Western Cape Trials. Mrs Christa Vos was a Netball selector at the final Western Cape Trials and was appointed as the coach of the Western Cape u/16 Cedar Team, which won the gold medal at the SAA Schools' All Ages Netball Tournament in Boksburg!

She, as well as Mrs Tanya Lategan, also found time to complete the SA Netball Coaching Course, Level 2. Furthermore, Mrs Vos also hosted the Literary Competition for Grade 12 Afrikaans Home and First Additional Language leaners in the Cape Winelands District

During the first round of the National Teachers' Awards, Mesdames Adéle Bothma (Excellence in Maths Teaching: GET) and Suné Niemand (Excellence in Secondary School Teaching) were nominated. They passed that with flying colours and were nominated for the Cape Winelands Award Ceremony. Ms Niemand was the first runner-up in her category and Ms Bothma the winner in hers! She has been invited to attend the Western Cape Award Ceremony in November.

In the Hostel, Mrs Margie Andrews retired after 29 years' service and Mrs Marilyn Ricketts was appointed, while Mrs Ria Westraad was appointed as the resident member of staff in Navarre. Mr Fernal Jacobs, a very able handyman, accepted a post as foreman at Florida High School in Parow and Mr Mervin Fertyn was appointed in his place. When *Feedem* started their contract at the beginning of January 2017, we were privileged to obtain the services of the following Catering Managers: Mrs Lynn Coetzee, Ms Christelle Tredoux and Mr Brittle Williams. They have really added value to the management of the kitchen.

INSTANDHOUDING EN INFRASTRUKTUUR

Ons was vanjaar bevoorreg om met die hulp van die Wes-Kaap Onderwysdepartement die Koshuis Hoofgebou, Eendracht en Navarre te verf en te herstel. Daar is ook opnuut gekyk na die veiligheid van die geboue, sowel as die elektrisiteitsvoorsiening. Skade aan een van die badkamers in blou gang het ons genoodsaak om die hernuwingsprojek daar voort te sit, sowel as die badkamer aan die bokant op Roos-gang. Die koshuispersoneel verdien spesiale vermelding vir die wyse waarop hulle 'n stewige hand op instandhoudingsprojekte hou. Mnr Leslie Watson verdien spesiale vermelding vir die wyse waarop hy as projekbestuurder opgetree het. Die koshuisleerders is baie gelukkig met twee nuwe dienste wat ingestel is – hoëspoed optiese veselkabels wat die wi-fi toegang verbeter het en die ommekeer wat die diensverskaffer *FEEDEM* in die kombuis gebring het.

Die Prefekkamer in die skool is opgegradeer deur die welwillendheid van die Blackburn-familie. Die leiers geniet hierdie nuwe ambiance! Die opslaanklasse langs die netbalbane is toegeken aan mevv Lizanne Ferreira en Luzanne Oosthuizen

NUWE PERSONEEL

Karin Leibbrandt
(Bemarking, Sport & Kultuur).

TOTSIENS PERSONEEL

Felix Spies
(General and Life Sciences).

Thana Hancock (Technology, English First Additional Language and Life Orientation).

NUWE PIENKVOETE

Pierre, ma Heleen en pa Burger Schoeman.
(Juffrou Marianna).



Denielle Neethling.
(Ouma Lynette en Oupa Joerg).

TEACHERS' AWARD

Mejj. Adéle Bothma en Suné Niemand.

HOSTEL

Brittle Williams.

Christelle Tredoux.

Marilyn Ricketts.

INSTANDHOUDING

Feedem.

Badkamers – En Avant.

Studenteraadkamer.

– hulle het beslis een van die mooiste uitsigte in die skool! Me Elmari van Heerden se drama-leerlinge het ook 'n nuwe kreatiewe ruimte in die ou fietsloods gevind.

Die derde en laaste fase van die *En Avant* Sentrum, die kleedkamers, kon ons twee jaar later voltooi. In die proses is die gedeelte tussen die *En Avant* en netbalbane plavei met lieflike sitplekke rondom die bome.

Ons is dankbaar om 'n entoesiastiese Skoolbeheerliggaam-Instandhoudingskomitee onder leiding van mnre Leslie Watson en Gerhard Kroukamp te hê. Hulle staan baie tyd af aan die bestuur van projekte in die skool en koshuis en word ondersteun deur lojale personeel.

AKADEMIE

Die Matrieks van 2016 het weer vir 'n goeie begin van die jaar gesorg: Hierdie 113 leerders lewer weer 'n 100% slaagsyfer met 'n ongekende 111 (98,2%) wat 'n B-graadtoelating verwerf! Die klasgemiddeld van 77,4% getuig van 'n hoë werksetiek van die hele groep. Verder het hul 400 vakonderskeidings (gemiddeld van 3,5 per kandidaat) behaal en is ons aangewys as een van die Top 20 Akademiese Uitnemende skole by die Wes-Kaap Regering se prysuitdeling by Leeuwenhoof. Lees gerus die meer volledige berig oor die uitslae in hierdie uitgawe. Die Universiteit van Stellenbosch het ons ook weer aangewys as een van hul Top 100 voederskole. Ons is ook trots op ons personeellede wat deur die Drakenstein Munisipaliteit vereer is met sertifikate vir Uitnemendheid vir hul uitstekende vak-uitslae in die NSS-Eksamen.

Die skool eindig onder die Top 10 in die Wes-Kaap en ontvang 'n WKOD Litnumtoekenning vir Algehele Uitnemendheid in Akademiese prestasie vir gr. 9 Taal- & Wiskunde.

Alle leerders van gr. 8 tot 11 is ook in 2016 bevorder na die volgende graad. Erkenning is gegee met die Top 10 balkies elke kwartaal, die Akademiese Prestige-aand en die Akademiese Prysuitdeling. Tydens die oueraande in April- en Juliemaand, kan die ouers met die onderwysers kommunikeer oor hul dogters se rapportpunte. Spesiale graadvergaderings is ook gereël vir die graad 8 (Verwelkoming en Bekendstelling en Kenmekaar-piekniek), graad 9 (Aanlegtoetse en Vakkeuses) en graad 12-leerders (Oueraand) waar unieke, relevante onderwerpe aangeraak is.

Leerders word met behulp van die Lewensoriënteringsprogram gesensiteer oor die Wêreld van Werk deur projekte wat fokus op werkskadu, maar kan ook gefokusde Loopbaanuitstallings bywoon. Gr. 11- en 12-leerders word ook blootgestel aan tersiêre inrigtings wat die skool besoek en persoonlike aandag aan die dogters skenk in die Leersentrum.

Leerders neem oor 'n breë spektrum deel aan olimpiades, kompetisies en ander geleenthede wat tot voordeel van hul tersiêre opleiding in die toekoms strek. Deelname sluit in:

- Twee-en-sestig leerders skryf die SA Taalbond se Tweetaligheidseksamen.
- Ten learners wrote the *De Beers* English Olympiad.
- UCT Wiskundekompetisie: Al die deelnemers ontvang MERIETE-toekennings. Elouise Lourens en Marion Muller (gr. 11) ontvang 'n goue toekenning vir hul 2de-plek in die pare-afdeling en hul posisie in die Top 50.
- Gr. 12 Afrikaans Huistaal-kompetisie oor die nuwe voorgeskrewe roman, "*Onderwêreld*", is gewen deur Evette Smith, Andrea Barnard en Kim Ayford (ook 2de individueel).
- *ATKV*-Spelathon vir gr. 10: Aidan Harmse dring deur tot die 6de rondte en Andrea van der Merwe wen die Wes-Kaapkompetisie en dring deur na die finaal.
- Gr. 12 Business Studies Quiz: Lené Hugo, Gaby Vezasie, Amy Wood and Kate Wright win the Cape Winelands Education Dis-

AKADEMIE

Aidan Harmse, Ansofi Pretorius, Amie Grier en Minette Farrell.

BESIGHEIDSTUDIES – Lené Hugo, Gaby Vezasie, Amy Wood en Kate Wright.

Robin Malan en Eloise Lourens.

Andrea van der Merwe.

Carla van Wyk.

KOOR – Johannes Schickerling.

WKOD-TAAL EN WISKUNDE SISTEMIESE TOETSE

VOOR: Lizanne Ferreira, Amanda Lochner (Skoolhoof), Christa Vos, Marli Smith, Adéle Dun.
MIDDEL: Luzaan Oosthuizen, Marieta Steyn, Adéle Bothma, Anél Bergh. AGTER: Joerg Neethling.

PERSONEELFUNKSIE

VREDE EN LUST

LEERDERLEIERS-KONFERENSIE

Dr. Elsabé Pepler, Kurt Minnaar, Amanda Lochner (Skoolhoof), Emily Blackburn (Hoofmeisie), Lené Hugo (Hoofmeisie-koshuis).

PAARL JUNIOR STADSRAAD

Moya Troskie, Jana Pretorius en Kara Janse van Rensburg.

trict round and qualify for the Western Cape round, where they receive an honourable mention.

- Bio Science Global Olympiad: La Rochelle was placed 4th in South Africa, with special awards to Michelle Coetzee, Inge-Lise Wessels, Marisa Els, Caitlynn Klate and Aaliyah Essop.
- Entrepreneurs- en Mentorprogram vir senior leerders: Tyla Rautenbach en Phia Frank eindig onderskeidelik 2de en 3de in die interne kompetisie.
- *English Alive 2017*: The essay, "*As I Sit here*", of Elouise Lourens (Gr. 11) was chosen by the South African Council for English Education to be published in *English Alive 2017*.
- Bloemfonteinse Skrywersvereniging: Carla van Wyk, gr. 11, het tweede gekom in die landwye skryfwedstryd in poësie (skole-afdeling) van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging. Sy wen 'n gratis slypskool by prof. Etienne van Heerden! Haar wen-inskrywing word gepubliseer in *INKVARS 2017*. Sy is ook vir die Handhawing van Afrikaans, in samewerking met Aksie Vrouekrag, aangewys as die algehele nasionale naaswenner in Kreatiewe Skryfkuns. Drie van haar gedigte is gekies vir publikasie in die digbundel "*Die wonder van Afrikaans 2017*".
- Eden Language Academy: Twelve learners and three staff members received Certificates of Competence in basic isiXhosa after attending their course.
- Wiskunde-olimpiade: Vyftien leerders dring deur na die tweede rondte.
- Algemene Kennis-eksamens word twee keer per jaar afgelê. Die hoogtepunt is die deelname aan die *SAIIA* Interschools Quiz wat hierdie jaar vir die 25ste jaar aangebied is deur die *South African Institute of International Affairs* en by Bishops Dicceson College in Rondebosch plaasgevind het. Die onervare, jong graad 10-span bestaande uit Ansofi Pretorius, Amy Grier, Aidan Harmse en Minette Farrell word as die wenners aangewys. 'n Ongelooflike prestasie tussen 'n groep van 42 gerekende skole!

SPORT EN KULTUUR

Ons dogters het weer op verskeie gebiede deelgeneem en presteer. BAIE DANKIE aan al die buite-afrigters wat 'n beduidende verskil maak in die verskillende sportsoorte. Lees asseblief die verslae van die onderskeie kapteine en voorsitters. Dit is nuut en vars om weer alles vanuit hulle oogpunt te beleef. Ons lig enkele hoogtepunte uit:

- Die vyfde agtereenvolgende oorwinning van die 4M-Atletiek Interskole op Dal Josaphat-stadion: Puntetotaal: LaR (451); Bloemhof (379); HMS (370) en Rhenish (144). Vyf van die ses byeenkomsrekords is agter La Rochelle se naam; Hana Sullivan wen die beste prestasie vir Dogters o/15 en ons neem drie van die vier ouderdomsbekers huis toe. Die aflosspanne het die kroon gespan deur GOUD te verower in al vier aflosse. Die atlete het ons deurlopend trots gemaak met al hul medaljes tydens die kwalifiserende rondtes op pad na die SA Kampioenskappe: 36 atlete het gekwalifiseer vir die Boland Kampioenskappe en hulle het 25 medaljes by die Wes-Kaap Kampioenskappe gewen. 13 het gekwalifiseer vir die SA's in Durban en daar het 10 onder die top 8 in die land geëindig en 7 medaljes verower!
- Die 4M-Swemspan het groot belofte getoon deur derde te eindig bo Bloemhof! Skitterende prestasies is veral deur die Juniors gelewer. Jana Koch (o/14) verdien spesiale vermelding met twee eerste plekke. Sy het ook gekwalifiseer vir die Nasionale Jeugkampioenskappe. Aimee Jephthah en Jana Hayman het as lede van die Wes-Kaap Skolespan aan die SA Kampioenskappe in Polokwane deelgeneem. Cayley Klaver (o/16) also performed superbly in the Level 3 Regional Age Group Championships, obtaining 7 medals.
- Die *All Girls' Schools' Festival* by Afrikaans Hoër Meisieskool, Pretoria, was weer 'n hoogtepunt met meer as 1000 dogters uit 26 openbare meisieskole in die land, wat aan verskeie sport- en kultuuritems deelgeneem het. Die Dramagroep het 'n prys gewen vir die beste kamerawerk in 'n kortfilm en die tien *Con Spirito*-sangers behaal 'n uitstekende tweede plek in hulle kompetisie.

SPORT

4M ATLETIEK INTERSKOLE.

GOJU KOI GLOBAL CHAMPIONSHIPS – Anel Tallie.

WESTERN CAPE PROVINCIAL SPORT AWARDS – School Sports-woman of the year – Tonet Tallie.

PUMA SCHOOL OF SPEED – Katinka Louw.

4M-SWEMSPAN – Jana Koch, Jana Hayman & Aimee Jephthah.

PENN RELAY

KULTUUR

BALLET – Alucci Moller.

KOOR- EN *CON SPIRITO*-SANGERS – Suid-Kaap toer na George.

DRAMA DEPARTMENT.

CHOIRMASTER – Johannes Schickerling.

ATLETIEK

Mrs Marianna Schoeman.
(Team Manager of
Athletics Team)

Mrs Christa Vos.
(Netbal Selector and coach
of the u/16 Cedar Team)

- By die *PUMA* School of Speed-Kompetisie in die Paarl het ons atlete skitterend gevaar en met Katinka Louw se tyd van 57,89s in die 400m, is sy aangewys as een van die top 5 atlete by die byeenkoms. Hierdie prestasie was net weer 'n bewys dat mnr. André van der Burgh se inisiatief om 10 atlete na die *Penn State Relays* in die VSA te neem, die regte besluit was. Dit het werklik ons atletiek op 'n ander vlak geplaas en wie sal die opwindende 4x400-aflos vergeet met die kommentator wat ons naam uitbasuin! Met 'n tyd van 3:52,12 in een van die beste uitdunne, het hulle 'n pragtige skild teruggebring en onvergeetlike ervarings. Baie dankie aan elke ouer, atleet, Marianna Schoeman en André en Marna van der Burgh wat hierdie atlete opgebou het. Ons sien uit na 'n blink toekoms vir elkeen van hulle!
- Die Koor- en *Con Spirito*-sangers het na al die uitstekende Eisteddfod-uitslae ook beide trofeë by die Paarl-Vallei Eisteddfod gewen. Hulle het die kroon gespan deur tydens hul Suidkaap-toer na George, as die beste enkelgeslagkoor, sowel as die algehele wenner aangewys te word. Hierdie derde Nasionale Koorkompetisie is aangebied deur die Suid-Kaap Musiekakademie, in samewerking met *South Cape Sport Tours* en die George Munisipaliteit.
- The first One Act-Play Festival was presented by the Drama Department during Culture Week. Three plays were chosen for the stage for a very entertaining evening. The girls were responsible for everything, from the script, auditions, lighting, sound and stage work. The winning production of Britt Hindley and Pia Pentz led to the inspiring *ROOM*!, produced by teachers Elmeri van Heerden and Marné Pedro.
- Internasionale deelname:
  - Tonet Tallie: lid van die Nasionale Judospan wat aan die Afrika Kampioenskappe in Kairo, Egipte, deelneem. Tonet is ook aangewys as die Wes-Kaap Skole se Sportvrou van die Jaar vir haar prestasies in Judo en Atletiek.
  - Anel Tallie: represented SA in the *Goju Koi* Global Championships in Vancouver, Canada
  - Ilzebé du Toit: verteenwoordig SA by die "World Hip Hop Dance Olympics" in Phoeniz, Arizona.
  - Nina Adams: lid van SA o/19-span wat aan die Internasionale Onderwaterhokkie Kompetisie in Australië deelneem, waar hulle 'n brons medalje verower.
  - Janneke Foot (o/16) en Kim Ayford (o/19): verteenwoordig die SA Jukskei-spanne by die Kampioenskappe in Swakopmund, Namibia.
  - Alucci Moller: one of only 5 ballet dancers selected for the *Cecetti* International Summer School in Firenze, Italy.
  - Athletes to USA (*Penn State Relays*): Leandra Custodio, Tamzyn Bouwer-Bosch, Louise Conradie, Jeanne-Marie Rousseau, Brithaney Ludick, Tatum Maher, Micola Soenies, Tonet Tallie, Katinka Louw en Isabella Pellissier.
  - Choirmaster Johannes Schickerling: Attended the World Choral Symposium in Barcelona, Spain. The 10-day symposium included workshops with world famous conductors, choirs and celebrities from across all nations and cultures.

AANBIEDINGS

'n Verskeidenheid van geleenthede word aan die leerders gebied en 2017 was geen uitsondering nie. Ons gee vir u 'n opsomming van aktiwiteite waaraan die dogters deelneem:

Kampe/seminare/opleidingsessies

- Fiksheidoefenkamp voor die aanvang van die nuwe skooljaar op ons terrein. Dogters het in die koshuis tuisgegaan.
- Gr. 8 Orientation Camp at Gevonden in Rawsonville.
- SCA/VCSV Leaders Training Camp at *Die Eiland* in Jonkershoek, Stellenbosch.
- Orchestra and Choir Workshops.
- Landsdienskampe by Touwsrivier en Grabouw.
- Prefect Camp in Hout Bay, attended by the Student Council, Hostel Prefects and the Grade 10 -12 RCL members.
- Gr. 11 Seminar at Marlenique Estate, Simondium. The Gr. 12s of 2018 are prepared for their Matric year and they, in turn, have the opportunity to express their expectations for the new year.
- Gasvryheidstudies: Opleidingsessies en uitstappies na Zomerlust Restaurant (gr. 10); Mount Nelson Hotel (gr. 11) en Spice Route (gr. 12).
- Leerderleierskonferensie in samewerking met die Universiteit Vrystaat vir leiers in die Kaapse Wynland, Overberg en Weskus Onderwysdistrikte. Leerders is geïnspireer deur sprekers Erna Basson, Mariechen Vermeulen, Kayli Levitan, Dr. Elsabé Pepler en Kurt Minnaar.
- Die Fisiese Wetenskappe het Universiteit Stellenbosch se Ingenieursdag bygewoon en die Lewenswetenskappe die Hart Museum by Groote Schuur Hospitaal.
- First Aid Levels 1 and 2 training.
- *ATKV*-Leierseminare by Goudini: Gr. 11's in die Junievakansie en die nuwe hoofleiers in Desember.
- Deelname aan Eisteddfods: Paarlvallei, Stellenbosch, Tygerberg en Kaapstad.
- *Ryla* Camp, presented by the Rotarians: Janneke Foot and Magdeleen Olivier attended it for the first time, while Elata Fourie and Robyn Broodryk were appointed as leaders for the next groups.
- Paarl Junior Town Council: This year Kara Cloete (Media) and Kara Janse van Rensburg (Treasury) served on the Executive and for 2018 Georgina Kapa (Treasury), Johanné van der Westhuyzen (Fund-raising) and Junelle Matthee (Advocacy) were selected.

GLANSGELEENTHEDE

- Valentynsdans georganiseer deur die graad 11's.
- Gr. 10 Dance.

SPESIALE SAALBYEENKOMSTE

AKADEMIESE PRYSUITDELING – Mnr D Blackburn, Emily Blackburn en mev Blackburn.

WYNTRAPKOMPETISIE

OUDLEERLINGBOND

VOOR: Johanna Heydenrych, Karelien Venter, Josephine Spies (Voorsitter)
AGTER: Trudi Kotzé, Maria Bellmunt.
AFWESIG: Tania Rossouw

UITSTAPPIES

GREENPOP FESTIVAL IN ZAMBIA.

INTERACT – *Many Smiles* Kleuterskool-projek.

Wêreldbiddag vir Vroue met gasspreker, Melanie Thirion, Tienerwerker by NG-kerk Kenridge.

REÜNIE

Johanna Louw (néé Le Roux), Beryl Briers-Louw (néé Blignaut), Amanda Lochner (skoolhoof), Trudy van der Spuy en Alida Blackburn (néé Hough).

MEV JOHANNA LOUW – MATRIEKGROEP 1940

Lawleystr. 342
Waterkloof
Pretoria 0181

Beste Amanda,

Wat 'n aangename gesellige en vriendelike ervaring was die 23ste se teeparty nie! Marlene en ek het dit geniet en die gasvryheid baie waardeer.

Ek het met geen spesifieke verwagting gegaan nie en het natuurlik gewet nie een van my 1940 klasmaats sal daar wees nie. En niemand daarte ken nie was aanpersoons die eerste dag toe ek Wildevreemd in 1937 by La Rochelle aangekom het.

Tenspyte van al die veranderinge

II

aanbouings en vernuwings was daar tog nog baie van herinneringe uit die grys verlede.

En die besonder baie dankie vir die geleentheid om deur die jaarblaaie van 1940-1947 te kon kyk. Ek het natuurlik nog my eie blad ook by die huis. En veral 'n baie groot dankie vir die wonderlike boek met 150 jaar se geskiedenis. Dis pragtig, ek stel dit hoog op prys en waardeer dit in besonder des te meer as 'n geskenk.

Ek was ook bly om vir jou, mev. Heydenrych en Josephine te ontmoet. As mens so ver weg woon weet jy van die leidende persone, maar jy leer hulle nie persoonlik ken nie.

III

As julle ooit in Pretoria kom sal julle altyd baie welkom wees by 342 Lawleystraat.

Dit was vir Marlene en my 'n besonderse Saterdag. Ek dink aan julle almal en aan die ou skool en glo die ongelooflike voorspoed en sukses van die verlede sal in die toekoms voortduur.

Vriendelike groete,
Johanna Louw.

- The Student Council's "High Tea" with their HMS counterparts.
- Mej. La Rochelle-kroning vind in die Stadsaal plaas waar Mikah Slabbert as Mej. La Rochelle gekroon is, met Beulah van den Heever as 1ste prinses en Melissa Sampson as 2de prinses. Die beoordelaars was Wouter Lombard (*M & C Saatchi Abel*), Jason Smith (*Ice Model*), Suzanne Swart (*Suzanne Swart Photography*), Leentjie Visser (Mej. La Rochelle 2010) en Owen Wiese (Mediese dokter wat 'n mediese program op *Via* aanbied).
- Hostel Dinner, where the Matrics are bidden farewell and the new Prefects are inaugurated.
- Matric Farewell at Kronenburg.
- Gr. 12 Final Music Concert, where the music staff also showed their prowess this year.
- Die koor se optrede by die *Audi*-sentrum by die Paarl Mall.
- Junior Town Council Ball in the Town Hall.
- *ROOM*!, 'n produksie deur ons eie Dramaleerders wat ons laat dink het.
- Die uitsonderlike *Fresh on Faure* Oggendtee, aangebied deur die koshuiskomitee met gaskunstenaar, Louis Loock.
- Die koor se optrede saam met Jannie Moolman en Corlea in die Stadsaal op uitnodiging van Laer Meisieskool La Rochelle.
- Kooraande georganiseer deur onderskeidelik Laerskool Courtrai en Hoër Meisieskool Paarl.

SPESIALE SAALBYEENKOMSTE EN UITSTAPPIES

- Studenteraad en VRL-aanbiedings: Vrugtefees; Pa-en-Dogteraand; Ma-en-Dogteraand; 4M Big Brag; Sotte- en Milady-piekniek
- Interact-uitstappies en spesiale projekte soos die *Many Smiles* Kleuterskool-projek waarby die leerders betrokke is.
- Orkes se besoek aan Paarlskool.
- Wêreldbiddag vir Vroue met gasspreker, Melanie Thirion, Tienerwerker by NG-kerk Kenridge.
- Easter Service conducted by Mr Albertus Vos.
- Frans- en Duits-vakgroepe lê 'n spesiale besoek af aan die onderskeie ambassades en ander besienswaardighede in Kaapstad.
- Tourism outing to Cape Town.
- Gr. 10 English First Additional Language visit the Jewish Museum.
- Valedictory Service for the Matrics and their parents held in the *En Avant* Centre.
- Visit to Maynardville to enjoy the production of Shakespeare's *Twelfth Night*.
- Staff outing to *Vrede en Lust* and which was concluded with a lunch at *Noop*.
- The *Greenpop* Festival of Action in Livingstone, Zambia attended by Teagan Maher, Jana Pretorius, Anya Roux, Nicola Dreyer and Mr Felix Spies.
- Sport and Culture Prize-Giving.
- Akademiese Prysuitdeling in die Toringkerk en die Akademiese Prestige-aand in die *En Avant* Sentrum.
- Oranjerivier-toer: Veertien dogters, 2 pa's en mnr. Joerg Neethling onderneem 'n weeklange kanovaart gedurende die Aprilvakansie.
- Kers- en Dankdiens in die skoolsaal.

BEDANKINGS

Bocker T Washington said: "*I have learned that success is to be measured not so much by the position one has reached in life as by the obstacles which he has overcome trying to succeed.*"

I believe we have really overcome the obstacles of 2017 with the help of all the role players in La Rochelle. Reading the annual report, we are grateful for the successes and joys we have experienced this year.

Therefore, a heartfelt thank you to the officials from the Western Cape Education Department, the Cape Winelands Education District and the Circuit 6 Office here in Paarl under the leadership of Mrs Linda Marais. We are privileged to have the proverbial open-line and immediate response and support.

The School Governing Body, with the different sub-committees, play an enormous role in the wellbeing of our school. In March 2018, they will have reached the end of their 3 year-term of office and it has been an enormous privilege to work together; especially during the strategic sessions. At the end of the year, Mr Deon Blackburn (Chairperson) and Mr Leslie Watson (Vice-Chairperson) have to terminate their services, because of Emily and Carla being in Matric. Other members will be co-opted for the next 3 months. These 2 gentlemen will leave their mark in La Rochelle and we shall always be indebted to them. Our best wishes accompany them for their futures.

We are grateful for the work done by the members of the La Rochelle *Ruyswyck* and *En Avant* Trusts. We also treasure the contributions of the Past Pupil Union and their Chairperson, Mrs Josephine Spies. Mrs Carol Cloete took over the *Boutique@Larries* from Mrs Hantie Combrinck, who started this special service 12 years ago. Gert and Hantie literally built this up in the beautiful old wash house of the hostel and we honour their legacy and wish them well.

Ons sê dankie aan die OOV, onder leiding van mev Maria Bellmunt wat verskeie funksies en ouerbyeenkomste hanteer het. Die dames wat voorgevat het by spesifieke geleenthede was: Akademiese Prestige-aand: Mev Bellmunt; Valentynsdans en Matriekafskeid: Mev Lizanne Pelham; Graad 10-Dans: Mev Tania Bertoncello. Baie dankie aan al die ouers wat hulle bygestaan het.

Die koshuis met sy 200 leerders speel 'n integrale rol in ons skoollewe. Ons is dankbaar vir die leiding wat gebied word deur mev Sonnet Vorster (Superintendent); mev Lida Hendrikse (Koshuisbestuurder) en me Adéle Bothma (Dissiplinêre Hoof). Baie dankie aan elke tannie en elke werker wat die ekstra myl vir ons dogters loop.

Sonder die skool se ondersteuningspersoneel, onder leiding van mnr Peter Whitmore, kan ons geen spesiale geleenthede aanpak nie! Hulle is staatmakers *par excellence*! 'n Verdere onmisbare skakel is die administratiewe kantoor waar mevv Christa Bothma en Liana Lourens 'n gedugte span vorm, terwyl mev Elizabeth Ulyate op 'n uiters professionele wyse die Finansiële Kantoor bestuur.

Die Skoolbestuurspan sterk my hande in alle opsigte en maak moeilike besluite maklik! Dankie aan me Nadene van Aswegen (Adjunkhoof) en die Departementshoofde: mnr Gerhard Kroukamp, mevv Hannatjie Naude en Lynette Neethling. Baie dankie ook aan ELKE onderwyser wat met hul besondere vakkundigheid en ander vaardighede, La Rochelle se uniekheid moontlik maak.

Ons is trots op elke dogter wat vanjaar ontvanklik was om emosioneel te groei en intellektueel gestimuleer te word. Elkeen se individualiteit wat ons op alle gebiede sien, maak ons trots om deel te wees van die pad wat jul loop. Dankie ook aan die leerlingleiers wat die toon by die akademie, sport en kultuur aangegee het. Ek wil melding maak van die vyf hoofleiers wat op 'n weeklikse basis sake met my bespreek het en my telkens verras het met hul insig. Dankie aan: Emily Blackburn (Hoofmeisie), Kim Ayford (Onderhoofmeisie), Lené Hugo (Koshuis Hoofmeisie), Willemien van Schalkwyk (Koshuis Onderhoofmeisie) en Gaby Vezasie (VRL Voorsitter).

Laastens, dankie aan elke ouer wat hul dogter in 2017 aan ons toevertrou het. Dankie dat u moeite gedoen het om u dogter(s) te ondersteun. Ek wil die vertroue uitspreek dat u gesien het hoe sy vanjaar BLOM in hierdie omgewing waar ons glo, sy Liefde, Aanvaarding en Respek ervaar het!

AFSLUITING

Ek sluit vanjaar in dankbaarheid af met die bekende Gebed van Franciskus van Assisi. Me Anna Grundlingh (Skoolhoof 1948 tot 1962) het dit so mooi ook in Afrikaans vertaal:

Here, maak my 'n instrument van U vrede. Waar daar haat is, laat my liefde saai, waar daar onreg is, vergifnis; waar daar twyfel is, geloof; waar daar wanhoop is, hoop; waar daar duisternis is, lig; waar daar droefheid is, blydskap;

O Goddelike Meester, gee dat ek nie soseer sal soek om getroos te word nie as om te troos; om verstaan te word nie as om te verstaan; om bemin te word nie as om lief te hê.

Want dit is deur te gee dat ons ontvang; dit is deur te vergewe dat ons vergewe word; en dit is deur te sterwe dat ons tot die Ewige Lewe gebore word. AMEN

Lord, make me an instrument of your peace. Where there is hatred, let me sow love; where there is injury, pardon; where there is doubt, faith; where there is despair, hope; where there is darkness, light; where there is sadness, joy;

O Divine Master, grant that I may not so much seek to be consoled as to console; to be understood as to understand; to be loved as to love.

For it is in giving that we receive; it is in pardoning that we are pardoned; and it is in dying that we are born to eternal life. AMEN

Mag ons in die nuwe jaar wat voorlê, steeds ons fokus behou en die skoolgemeenskap van die Hoër Meisieskool La Rochelle verryk met ons medemenslikheid.

EN AVANT!
Me Amanda Lochner
2017-10-13